# 29 April 2024 - Lesing 300 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die verandering van die gevalle oergeeste tot materiële skepping – 16/7/62

**NO: 8216** My woord sal julle opheldering gee, vrae beantwoord en probleme oplos wat julle self nie met julle verstand sal kan oplos nie en julle sal insig verkry, as julle kennis begeer. Julle sal in die waarheid onderrig word, want Ek wil aan julle "lig" skenk en julle verstand verlig, sodat julle nie in duisternis gaan en julle siel skade ly nie, - want Ek wil haar red vir alle ewigheid. My oorgrote liefde wil altyd maar net die heil van julle siel hê, want Ek verlang na julle terugkeer en na die hereniging met julle, wat egter die vervolmaking van julle siel vereis.

Julle het eens van My uitgegaan in alle volmaaktheid, want Ek het julle **as My ewebeeld** geskape. As hoogs volmaakte wesens, as **miniature van Myself**, ewenwel met dieselfde gesteldheid, **omdat julle oerelement liefde was,** omdat julle uit die **Oerliefde** voortgekom het, Wie opnamehouers geskep het met die bedoeling **om Haarself in hierdie houers te kon uitgiet**, om geleidelik Liefdeskrag te kon laat uitstroom, wat deur hierdie geskape wesens **opgeneem sou word.**

En hierdie wesens, ewebeelde van Myself, was suiwer liefde. Hulle was deur My uitgestraalde Liefdeskrag en tog wesens wat mekaar kon waarneem en sien, wie egter Myself nie kon aanskou van Wie hulle uitgegaan het nie, **omdat Ek die <u>Oervolheid</u> van die Liefdeskrag Self** is en **hulle My nie kon aanskou** sonder om te vergaan nie.

Ek het hulle as die kleinste vonkies, as selfstandige wesens buite Myself geplaas, soos wat Ek dit al verskeie kere uitgelê het, wat egter as 'n suiwer geestelike proses vir julle mense op die aarde nooit duidelik sal wees nie.

En omdat hierdie wesens selfstandige, met vrye wil toegeruste, skepsele was, wat oor veel krag en lig beskik het, omdat hulle geleidelik deur My Liefdeskrag deurstroom was, **kon Ek tog nie verhinder dat hulle hul vrye wil misbruik** in die sin dat hulle hulleself van My afgewend het nie.

Dat hulle, toe hulle voor die wilsproef gestel word om My as God en Skepper te erken, **hulle My hierdie erkenning geweier het.** Hulle het hulleself gekeer tot die eersgeskape wese, **tot Lucifer**, **wie hulle kon sien** en wie in alle skoonheid en in die helderste lig gestraal het. Hulle het die uitstraling van My Liefdeskrag afgewys, wat die geleidelike **verwydering van My** as die Oerbron van lig en krag beteken het.

Ook hierdie gebeurtenis het Ek aan julle mense verklaar, in soverre dit vir julle verstandelik uitgelê kan word. Maar weet nou dat hierdie skepsele wat buite My geplaas is, wel in hul wese heeltemal in die teendeel kon verander en dat hulle egter nie meer kon vergaan nie, maar hulle sou vir ewig bly bestaan.

Hierdie wesens was in hul **oersubstansie liefde**, dus krag wat volgens die wet van ewigheid **werksaam** moet wees, wie **nie ewig werkloos kon bly nie**.

Deur die steeds groter wordende verwydering van My, wat die gevolg was van die afwysing van My Liefdesdeurstraling, het die **geestelike substasie van die deur My geskape oerwesens verhard en hulle word onbekwaam om te kan skep en te kan werk.**

Daarom het Ek die oergeeste **opgelos**. Die eens as wesens uitgestraalde krag het Ek verander en **daaruit het die materiële skepping ontstaan,** waarin die krag weer aktief, dus werksaam kon word volgens My wil.

En so kan julle met reg sê: Die hele skepping bestaan uit oergeeste wie deur My wil omvorm was, dieselfde krag wat Ek uitgestraal het **in die vorm van ek-bewuste wesens,** wat nou omvorm was tot ander vorms, tot skeppingswerke van allerlei aard.

Vir elke skeppingswerk wys Ek nou sy bestemming toe. Sodoende het die oergees wat nou in partikeltjies opgelos is, **deur alle skeppings heengegaan** en My gedien volgens die wet van **"jy moet".** Daardeur word die krag **aktief** volgens My wil, omdat die krag weer volgens die oerwet werksaam moet word.

Bedink altyd: Die geestelike oerwesens was uitgestraalde krag van My. En of hulle nou opgelos word en hulleself eers weer aaneensluit na 'n eindelose lang tyd, **die oerwese sal nie vergaan nie**, maar sal onvermydelik eenmaal weer na My terugkeer.

Maar dan is dit weer dieselfde wesens wat eens uit My voortgekom het. Hulle het dan deur alle skeppings heengegaan oor die weg van terugkeer na My. **En ten laaste gaan hulle oor in die gedaante as mens**, as menslike siel, die laaste kort weg waar hulle weer die vereniging met My kan bereik, - as hulle bewustelik weer My Liefdestraling aanneem.

Die vrywillige terugkeer tot My bestaan daarin dat die oergees **sy verweer teen die uitstraling van My Liefdeskrag moet opgee**. Dan sal hy weer die Godgelyke skepsel wees: My ewebeeld, die eens gevalle oergees, die in alle volmaaktheid geskape wese, wat nou egter in volkome vrye wil **die volmaaktheid bereik het** en daarom homself nou weer met My kan verenig - en nou ewig met My verbonde kan bly. Amein.